

1 Februarie

Skrifgedeelte: Handeling 11:26; 1 Korintiërs 6:15-20

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 6:15

HK, Vraag 32

Is ons die naam Christen waardig?

Ons het gister gehoor dat die naam *Christus* “gesalfde” beteken. Christus is gesalf tot ons hoogste koning, profeet en priester – dus tot ons regeerder, wegwysers en intreder. Vandag is die vraag: Waarom word ons Christene genoem?

Ons lees in Handeling 11:26 dat die gelowiges in Antiogië daar vir die eerste keer *Christene* genoem is. Wat hou hierdie naam in? Waarom is hierdie naam vir ons dierbaar? Is daar nie beter name nie? Dink aan *kinders van God*, of *geheiligdes*! Ja, hierdie alternatiewe name is pragtig en sê wat ons status by God is. Die Christennaam sê egter daar is 'n besondere band en dinamika tussen ons en Christus. Soos ons in 1 Korintiërs 6 gelees het is 'n gelowige en Christus nooit meer van mekaar te skei nie. Ons behoort met liggaam en siel aan ons Here en leef elke dag met en vir Hom. Sy heiligheid, krag, sterwe, opstanding en regeermag is nou ook myne. Daarom ontvang ek ook sy salwing tot koning, profeet en priester.

Jesus sê immers (Joh 20:21): “Soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook” En: “Hy wat in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen” (Joh 14:12).

Wie waarlik 'n Christen is, leef elke dag oorwinnend en diensbaar as koning, profeet en priester in en deur Christus! Ken jy ook hierdie heerlijkheid?

Sing: *Psalm 138:1, 3*

Dr. NP Heystek (Wapadrant)

~~~~~